



education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PROVINSIALE ASSESSERING

GRAAD 11

REKENINGKUNDE V1

JUNIE 2024

PUNTE: 150

TYD: 2 uur



Testpapers.co.za

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. 'n Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	MINUTE
1	Rekeningkunde vergelyking	35	25
2	Staat van Omvattende Inkomste	50	45
3	Notas tot Staat van Finansiële posisie	30	25
4	Finansiële Aanwysers	35	25
TOTAAL		150	120

VRAAG 1: AARP; REKENINGKUNDIGE VERGELYKING**(35 punte; 25 minute)****1.1 AARP BEGINSELS**

Kies 'n verduideliking uit KOLOM B om by die AARP-beginsel in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Historiese koste-konsep	A	Rente op oortrokke bank word as 'n aparte bedrag in die nota tot die Staat van Omvattende Inkomstes aangeteken.
1.1.2	Omsigtigheid		
1.1.3	Paring	B	Die finansiële sake van die eienaars word heeltemal apart van die besigheid gehou.
1.1.4	Wesenlikheidsbeginsel		
1.1.5	Besigheidsentiteits-beginsel	C	Die veronderstelling is dat die onderneming finansiëel sterk genoeg is om in die voorsienbare toekoms voort te bestaan.
		D	Inkomste en uitgawes moet in die regte finansiële tydperk opgeteken word.
		E	Finansiële resultate word op 'n konserwatiewe manier gerapporteer.
		F	Grond en geboue is teen R20 000 vir die afgelope 50 jaar in die Staat van finansiële posisie aangeteken, selfs al is dit nou R1 miljoen werd.

(5)

1.2 ONTLEDING VAN TRANSAKSIES**GEVRA:**

Ontleed die onderstaande transaksies soos in die voorbeeld. Dui 'n vermeerdering met 'n + aan, 'n vermindering met 'n – en geen effek met 'n 0. Aanvaar dat die banksaldo altyd gunstig is.

Voorbeeld: Betaal Lone per EFO, R5 000.

Nr.	REKENING DT	REKENING KT	BEDRAG	B	E	L
Bv.	Lone	Bank	5 000	-	-	0

1.2.1 Waardevermindering op Toerusting van R950 moet afgeskryf word.

1.2.2 Voorsiening vir oninbare skuld moet verhoog met R300.

1.2.3 Die onderneming koop 'n voertuig van R450 000 op krediet aan.

1.2.4 Die telefoonrekening van R500 is nog nie betaal nie.

1.2.5 Piet, een van die vennote dra toerusting van R30 000 by as sy kapitale bydrae.

1.2.6 Koop handelsvoorraad vir R600 kontant aan. (30)

35

VRAAG 2: BEGRIPPE; FINANSIËLESTATE**(50 punte; 45 minute)**

2.1 Kies die korrekte woord/term uit die lys verskaf wat by ELKE beskrywings hieronder pas. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.5) in jou ANTWOORDEBOEK neer. (5)

Staat van Omvattende Inkomstes(Inkomstestaat); Risiko; Likiditeit; Staat van Finansiële Posisie(Balansstaat); Netto bedryfskapitaal
--

2.1.1 Die verskil tussen bedryfsbates en bedryfslaste.

2.1.2 Weerspieël die finansiële posisie van die besigheid vir 'n spesifieke tydperk.

2.1.3 Die vennootskap maak gebruik van eksterne lenings om hul bedrywighede te finansier.

2.1.4 Weerspieël wins of verlies vir 'n finansiële tydperk.

2.1.5 Die vermoë van die vennootskap om korttermynskuld te betaal.

2.2 Die inligting hou verband met KG Winkels, met vennote Kelly en Gunter.

GEVRA:

2.2.1 Stel die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig, 29 Februarie 2024 op. (40)

2.2.2 Stel die Nota vir Handels- en ander ontvangbares op. (5)

INLIGTING:

Uittreksel van die Voor-aansuiweringsproefbalans op 29 Februarie 2024:

Balansstaatrekeninge-afdeling	
Grond en Geboue	2 000 000
Voertuie	?
Toerusting	520 000
Opgehoopde waardevermindering op Toerusting (01/03/2023)	65 000
Handelsvoorraad	350 000
Debiteurekontrole	90 000
Voorsiening vir oninbare skuld	4 375
Spaarrekening: Nerd Bank	15 000
Vaste Deposito: Nerd Bank	40 000
Verbandlening: HSBC Bank	1 200 000
Nominale rekeninge-afdeling	
Verkope	1 480 000
Koste van verkope	912 250
Debiteure-afslag	20 000
Oninbare skuld	5 000
Huurinkomste	94 900
Rente op lening	?
Versekering	25 000
Salarisse en lone	650 000
Oninbare skuld ingevorder	3 200
Verbruiksgoedere	65 000
Bankkoste	1 800
Diverse uitgawes	32 300
Kommisie inkomste	800 000
Rente op vaste deposito	4 000

Aansuiwerings en addisionele inligting:

A. Maak as volg voorsiening vir waardevermindering:

- Op voertuie – R51 250 vir die jaar.
- Op toerusting teen 10% p.j. op die verminderde-saldometode.

LET WEL: Nuwe toerusting is op 1 September 2023 vir R35 000 aangekoop en geboekstaaf.

B. Goedere is op krediet aan 'n debiteur, J Brooks, vir R6 000 verkoop en is nie geboekstaaf nie. Die winsopslag is 50% op kosprys.

C. 'n Fisiese voorraadopname op 29 Februarie 2023 toon dat R285 000 se handelsvoorraad voorhande is.

D. Verbruiksgoedere deur die jaar gebruik, beloop R63 000.

E. Ontvang twee maande se huur vooruit vanaf die huurder. Let wel, die huur het met 10% per maand verhoog vanaf 1 November 2023.

F. 'n Debiteur, N Swart, wat R600 skuld, moet as oninbaar afgeskryf word. 'n Ander debiteur, R de Vries, moet met R100 rente, op sy agterstallige rekening belas word. Hierna moet voorsiening vir oninbare skulde tot 5% van die boekskulde aangesuiwer word.

G. Inskrywings volgens die bankstaat van Februarie 2024 moet nog in die boeke van die besigheid aangeteken word:

- Bankkoste, R400
- Debietorder vir die maandelikse versekeringspremie, R1 500

H. Die volgende inligting verskyn op die leningstaat:

Saldo op 1 Maart 2023	1 300 000
Rente is gekapitaliseer	?
Terugbetalings deur die finansiële jaar	500 000
Saldo op 29 Februarie 2024	1 200 000

I. 'n Bedrag van R500 is al vir skryfbehoeftes (Diverse uitgawes) betaal, maar dit is nog nie by KG Winkels afgelaai nie.

J. Die spaarrekeningstaat toon dat die saldo op 29 Februarie R16 500 is. Die verskil is die rente vir die jaar.

K. Rente op die vaste deposito teen 12% per jaar is nog vir twee maande verskuldig. Rente is nie gekapitaliseer nie.

VRAAG 3: VENNOOTSKAPPE NOTAS**(30 punte; 25 minute)**

Die inligting het betrekking op Bravil Handelaars vir die jaar geëindig op 29 Februarie 2024. Die onderneming word deur vennote B Brand en S Viljoen besit.

GEVRA:

3.1 Berei die volgende notas tot die finansiële state voor:

3.1.1 Kapitaal (6)

3.1.2 Privaatrekening (22)

3.2 Verduidelik twee nadele van 'n vennootskap. (2)

Uittreksel uit die Proefbalans op 29 Februarie 2024

	Debiet	Krediet
Kapitaal: B Brand		200 000
Kapitaal: S Viljoen (1/03/2023)		180 000
Privaatrekening: B Brand (1/03/2023)		4 000
Privaatrekening: S Viljoen (1/03/2024)	3 500	
Onttrekkings: B Brand	130 000	
Onttrekkings: S Viljoen	140 000	
Wins-en-verliesrekening (Netto wins)		400 000

Inligting:**Die vennootskapsooreenkoms stipuleer die volgende:**

- Vennote is geregtig op die volgende maandelikse salarisse:
B Brand R12 000; S Viljoen R8 000
- 'n Jaarlikse bonus van R20 000 is aan B Brand toegestaan aangesien hy gedurende Desember vakansie gewerk het.
- Vennote is geregtig op rente op kapitaal teen 10% per jaar. Kapitaal verander gedurende die jaar. Die besonderhede is as volg:
 - B Brand verhoog sy kapitaal met R20 000 op 31 Augustus 2023, dit is korrek geboekstaaf.
 - S Viljoen verminder sy kapitaal met R30 000 op 1 Januarie 2024, dit is nie geboekstaaf nie.
- Oorblywende wins/verlies word gelykop verdeel.

30

VRAAG 4: FINANSIËLE AANWYSERS**(35 punte; 25 minute)****SS HANDELAARS**

Solly en Sophia is vennote in SS Handelaars, wat sporttoerusting verkoop aan sokkerklubs. Hulle winsgrens word bereken teen 60% op kosprys.

Debiteure word 30 dae gegee om hul rekeninge te vereffen en die besigheid het 'n ooreenkoms met hul krediteure om binne 45 dae te betaal.

SS Handelaars gebruik die deurlopende voorraadstelsel.

GEVRA:

Gebruik die inligting wat verskaf is om die volgende vrae te beantwoord.

- 4.1 Bereken die persentasie winsopslag behaal deur die besigheid in 2024.
(Bereken antwoorde tot die naaste heelgetal) (5)
- 4.2 Beantwoord die volgende vrae:
 - 4.2.1 Behoort die eienaars gelukkig te wees met die winsgrens wat ontvang is? Motiveer jou antwoord (2)
 - 4.2.2 Gee EEN moontlike rede waarom hulle nie die winsgrens van 60% bereik het nie. (2)
- 4.3 Bereken die volgende vir 2024:
 - 4.3.1 Gemiddelde debiteure-invorderingstermyn (6)
 - 4.3.2 Lewer kommentaar oor die likiditeit van die vennootskap (2)
 - 4.3.3 Gee raad aan die eienaars hoe om die likiditeitsposisie te kan verbeter (2)
- 4.4 Bereken die skuld ekwiteitsverhouding in 2024. (Antwoord korrek tot een desimale plek) (6)
- 4.5 Lewer kommentaar oor die skuld ekwiteitsverhouding. (2)
- 4.6 Bereken die % opbrengs deur Solly verdien. (Rond af tot naaste heelgetal) (6)
- 4.7 Gee 'n rede waarom Solly tevrede behoort te wees met sy % opbrengs soos verdien in die vennootskap? (2)

INLIGTING

Die inligting is uit die finansiële state van SS Handelaars geneem vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2024:

	2024	2023
Verkope (80% op krediet verkoop)	4 800 000	
Koste van verkope (90% op krediet)	3 200 000	
Voorraad	840 000	800 000
Handelsdebiteure	420 000	500 000
Kontant en kontant ekwivalente	92 000	108 000
Handelskrediteure	320 000	280 000
Nie-bedryfslaste	500 000	1 260 000
Kapitaal: Solly	220 000	240 000
Kapitaal: Sophia	280 000	200 000
Privaatrekening: Solly	189 500	(10 000)
Privaatrekening: Sophia	170 000	20 000
Totale verdienste: Solly	227 500	
Totale verdienste: Sophia	174 000	
Rente op Vaste Deposito	12%	
Rente op Lening	14%	
Krediteurebetalingstermyn	38 dae	38 dae

35

TOTAAL: 150

GRAAD 11 REKENINGKUNDE FINANSIËLE AANWYSERS			
FORMULEBLAD			
$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$		$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$			
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$		$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Totale verdienste per vennoot}}{\text{Vennoot gemiddelde ekwiteit}} \times \frac{100}{1}$		$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Gemiddelde eienaarsekwiteit}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates : Bedryfslaste		(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	
(Handels en ander ontvangbares + Kontant en Kontantekwivalente) : Bedryfslaste			
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$		$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Kredietaankope}} \times \frac{365}{1}$	
$\frac{\text{Gemiddelde voorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ of $\frac{12}{1}$		$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$	
Nie-Bedryfslaste : Eienaarsekwiteit		Totale Bates : Totale Laste	



education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PROVINSIALE ASSESSERING

GRAAD 11

REKENINGKUNDE V1

JUNIE 2024

ANTWOORDEBOEK

NAAM VAN LEERDER: _____

VRAAG	MAKSIMUM PUNTE	PUNTE TOEGEKEN	MODERATOR
1	35		
2	50		
3	30		
4	35		
TOTAAL			



Testpapers.co.za

VRAAG 1**1.1**

1.1.1	
1.1.2	
1.1.3	
1.1.4	
1.1.5	

5

1.2 REKENINGKUNDIGE VERGELYKING

No.	REKENING DT	REKENING KT	BEDRAG	B	E	L
1.2.1						
1.2.2						
1.2.3						
1.2.4						
1.2.5						
1.2.6						

30

TOTALE PUNTE
35

VRAAG 2**2.1**

2.1.1
2.1.2
2.1.3
2.1.4
2.1.5

5

**2.2.1 KG WINKELS: STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE VIR DIE JAAR
GEËINDIG 29 FEBRUARIE 2024**

Verkope (1 480 000	
Koste van verkope (912 250	
BRUTO WINS	
ANDER BEDRYFSINKOMSTES	
Huurinkomste (94 900	
BRUTO BEDRYFSINKOMSTE	
BEDRYFSUITGAWES	
Oninbare skuld (5 000	
Salarisse en lone	650 000
BEDRYFSWINS	
Rente-inkomste (4 000	
WINS VOOR RENTE UITGAWE	
Rente-uitgawe	
NETTO WINS VIR DIE JAAR	

40

2.2.2 Handels en ander ontvangbares

Handelsdebiteure (90 000	
Netto Handelsdebiteure	

5

TOTALE PUNTE
50

VRAAG 3

3.1.1

KAPITAAL			
	B BRAND	S VILJOEN	TOTAAL
Saldo aan die begin van die jaar			
Bydraes gedurende die finansiële jaar			
Onttrekkings gedurende die finansiële jaar			
Saldo aan die einde van die jaar			

6

3.1.2

LOPENDE REKENING			
	B BRAND	S VILJOEN	TOTAAL
Wins volgens die Inkomstestaat			
Primêre verdeling van wins			
Finale verdeling van wins			
Onttrekkings			
Behoue inkomste vir die jaar			
Saldo aan die begin van die jaar			
Saldo aan die einde van die jaar			

22

3.2

Verduidelik twee nadele van 'n vennootskap.

2

TOTALE PUNTE

30

VRAAG 4

4.1

Bereken die persentasie winsopslag behaal deur die besigheid in 2024. (Bereken antwoorde tot die naaste heelgetal)

5

4.2.1

Behoort die eienaars gelukkig te wees met die winsgrens wat ontvang is? Motiveer jou antwoord.

2

4.2.2

Gee EEN moontlike rede waarom hulle nie die winsgrens van 60% bereik het nie?

2

4.3.1

Gemiddelde debiteure-invorderingstermyn

6

4.3.2 **Lewer kommentaar oor die likiditeit van die vennootskap.**

2

4.3.3 **Gee raad aan die eienaars hoe om die likiditeitsposisie te kan verbeter.**

2

4.4 **Bereken die skuld : ekwiteitsverhouding in 2024. (Antwoord korrek tot een desimale plek)**

6

4.5 **Lewer kommentaar oor die skuld ekwiteitsverhouding.**

2

4.6

Bereken die % opbrengs deur Solly verdien. (Rond af tot naaste heelgetal)

6

4.7

Gee 'n rede waarom Solly tevrede behoort te wees met sy % opbrengs wat hy verdien in die vennootskap?

2

TOTALE PUNTE
35

TOTAAL: 150



education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PROVINSIALE ASSESSERING

GRAAD 11

REKENINGKUNDE V1

JUNIE 2024

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 150

NASIENBEGINSELS:

1. Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenaliserings toegepas nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Volpunte vir korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die berekening wat voorsien is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die berekeningepunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). **Let wel:** As syfers aangedui in memo vir komponente of berekening, dra hierdie nie die metode punt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
8. 'Bewerking' beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. Let wel: kontroleer bewerking moet +, –, x, ÷, wees of per memo.
9. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. Waar metodepunte toegeken word vir een deel korrek, moet die nasiener die redelikheid van die antwoord ondersoek en ten minste een deel korrek, voor die punt toegeken word. As 'n syfer 'n metodepunt verdien het word dit beskou 'een deel korrek'
10. In berekening, moet nie punte toeken nie vir bewerking as teller en noemer omgeruil is – hierdie is ook van toepassing op verhoudings.
11. Met 'n metodepunt toegeken word vir enige item.
12. Wees versigtig met die gebruik van 'n metodepunt vir enige item.
13. Kode: ...



Testpapers.co.za

VRAAG 1**1.1**

1.1.1	F ✓
1.1.2	E ✓
1.1.3	D ✓
1.1.4	A ✓
1.1.5	B ✓

5**1.2 REKENINGKUNDIGE VERGELYKING**

No.	REKENING DT	REKENING KT	BEDRAG	B	E	L
1.2.1	Waardevermindering✓	Opgelope Waardevermindering op Toerusting✓	950✓	-✓	-✓	0
1.2.2	Voorsiening vir oninbare skulde- aansuiwering ✓	Voorsiening vir oninbare skulde ✓	300✓	-✓	-✓	0
1.2.3	Voertuie✓	Krediteurekontrole✓	450 000✓	+✓	0	+✓
1.2.4	Telefoon✓	Opgelope Uitgawes✓	500✓	0	-✓	+✓
1.2.5	Toerusting✓	Kapitaal: Piet✓	30 000✓	+✓	+✓	0
1.2.6	Handelsvoorraad✓	Bank✓	600✓	±✓✓	0	0

30**TOTALE PUNTE****35****VRAAG 2****2.1**

2.1.1	Netto bedryfskapitaal ✓
2.1.2	Staat van finansiële posisie ✓
2.1.3	Risiko ✓
2.1.4	Staat van Omvattende Inkomste ✓
2.1.5	Likiditeit✓

5

**2.2.1 KG WINKELS: STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE VIR DIE JAAR
GEËINDIG 29 FEBRUARIE 2024**

Verkope (1480 000 + 6000✓ - 20 000✓)	1 466 000	☑
Koste van verkope (912 250 + 4 000✓)	(916 250)	☑
BRUTO WINS	549 750	☑
ANDER BEDRYFSINKOMSTES	883 800	☑
Huurinkomste (94 900 – 14 300✓✓)	80 600	☑
Kommisie inkomste	800 000	✓
Oninbare skulde ingevorder	3 200	✓
BRUTO BEDRYFSINKOMSTE	1 433 550	☑
BEDRYFSUITGAWES	(935 500)	☑
Oninbare skuld (5 000 + 600 ✓)	5 600	☑
Salarisse en lone	650 000	
Versekering (25 000 + 1500)	26 500	✓
Verbruiksgoedere	63 000	✓
Bankkoste (1800 + 400)	2 200	✓
Diverse uitgawes (32 300 – 500 ✓)	31 800	☑
Waardevermindering (51 250 ✓ + 42 000 ✓ + 1 750 ✓)	95 000	☑
Handelsvoorraad <u>tekort</u> ✓ (350 000✓ - 4000 ✓ - 285 000 ✓)	61 000	☑
Voorsiening van oninbare skulde aansuiwering	400	✓ ✓
BEDRYFSWINS	498 050	☑
Rente-inkomste (4 000 + 800 ✓ + 1 500 ✓ + 100 ✓)	6 400	☑
WINS VOOR RENTE UITGAWE	504 450	☑
Rente-uitgawe	(400 000)	✓
NETTO WINS VIR DIE JAAR	104 450	☑

2.2.2 Handels en ander ontvangbares

Handelsdebiteure (90 000 + 6000 – 600 +100)	95 500 ✓ ✓
Voorsiening vir oninbare skulde	(4 775) ✓
Netto Handelsdebiteure	90 725
Vooruitbetaalde uitgawes	500 ✓
Opgelope Inkomste	800 ✓
	92 025

5**TOTALE PUNTE****50**

VRAAG 3**3.1.1**

KAPITAAL			
	B BRAND	S VILJOEN	TOTAAL
Saldo aan die begin van die jaar	180 000✓	180 000✓	360 000
Bydraes gedurende die finansiële jaar	20 000✓	-	20 000
Onttrekkings gedurende die finansiële jaar	-	(30 000) ✓	(30 000)
Saldo aan die einde van die jaar	200 000✓	150 000✓	350 000

6**3.1.2**

LOPENDE REKENING			
	B. BRAND	S. VILJOEN	TOTAAL
Wins volgens die Inkomstestaat	234 750☑	165 250☑	400 000
Salarisse	144 000✓	96 000✓	240 000
Bonus	20 000✓	-	20 000
Rente op Kapitaal	19 000✓✓	17 500✓✓	36 500
Primêre verdeling van wins	183 000☑	113 500☑	296 500
Finale verdeling van wins	51 750☑	51 750☑	103 500✓
Onttrekkings	(130 000) ✓	(140 000) ✓	(270 000)
Behoue inkomste vir die jaar	104 750☑	25 250☑	130 000
Saldo aan die begin van die jaar	4 000✓	(3 500) ✓	500
Saldo aan die einde van die jaar	108 750☑	21 750☑	130 500

22**3.2****Verduidelik twee nadele van 'n vennootskap.**

'n Vennootskap is nie 'n regspersoon nie.
 Onbeperkte aanspreeklikheid.
 Deel in die wins.
 Kontinuiteit ontbreek omdat die vennootskap in die geval van dood of uittreding van 'n vennoot moet ontbind.

Enige aanvaarbare antwoord

2**TOTALE PUNTE****30**

VRAAG 4

4.1

**Bereken die persentasie winsopslag behaal deur die besigheid in 2024.
(Bereken antwoorde tot die naaste heelgetal)**

$$\frac{4\,800\,000^{\checkmark} - 3\,200\,000^{\checkmark}}{3\,200\,000^{\checkmark}} \times \frac{100^{\checkmark}}{1}$$

$$\frac{1\,600\,000}{3\,200\,000} \times \frac{100}{1}$$

50%☒

5

4.2.1

Behoort die eienaars gelukkig te wees met die winsgrens wat ontvang is? Motiveer jou antwoord.

Nee[✓]Die besigheid handhaaf 'n winsopslag van 60%, wat nie bereik is nie. [✓]

2

4.2.2

Gee EEN moontlike rede waarom hulle nie die winsgrens van 60% bereik het nie?

Te veel handelskorting^{✓✓}

Seisoenale afslag

Verkeerde berekeninge

Enige relevante antwoord.

2

4.3.1

Gemiddelde debiteure-invorderingstermyn

$$\frac{\frac{1}{2}^{\checkmark} (420\,000^{\checkmark} + 500\,000^{\checkmark})}{(4800000 \times 80\%)^{\checkmark\checkmark}} \times \frac{365}{1}$$

$$\frac{460\,000}{3\,840\,000} \times \frac{365}{1}$$

= 43,7 dae[✓]

Aanvaar 44 dae

6

4.3.2 Lewer kommentaar oor die likiditeit van die vennootskap.

Die besigheid mag dalk likiditeitsprobleme ondervind aangesien hulle Debiteure langer neem om hulle te betaal as wat die vennootskap sy krediteure betaal. (38 dae vir krediteure en 44 dae vir debiteure) ✓✓

2

4.3.3 Gee raad aan die eienaars hoe om die likiditeitsposisie te verbeter.

Moedig debiteure aan om gouer te betaal deur korting te gee vir vroeë betaling.
Hef rente op agterstallige rekeninge.
Stuur gereelde rekeningstate uit om debiteure te herinner aan hul skuld. ✓✓

Enige aanvaarbare antwoord

2

4.4 Bereken die skuld ekwiteitsverhouding. (Antwoord korrek tot een desimale plek)

$$\begin{aligned} 500\,000 \checkmark &: (220\,000 \checkmark + 280\,000 \checkmark + 189\,500 \checkmark + 170\,000 \checkmark) \\ 500\,000 &: 859\,500 \\ 0,6 &: 1 \checkmark \end{aligned}$$

6

4.5 Lewer kommentaar oor die skuld ekwiteitsverhouding.

Die vennootskap is positief gerat, slegs 60c se skuld teenoor R1 se eie Kapitaal. Die onderneming maak meer gebruik van eie Kapitaal. ✓✓

Enige aanvaarbare antwoord.

2

4.6 Bereken die % opbrengs deur Solly verdien. (Rond af tot naaste heelgetal)

$$\frac{227\,500 \checkmark}{\frac{1}{2}(220\,000 \checkmark + 240\,000 \checkmark + 189\,500 \checkmark - 10\,000 \checkmark)} \times \frac{100}{1}$$

=71% ✓

6

4.7 Gee 'n rede waarom Solly tevrede behoort te wees met sy % opbrengs wat hy verdien in die vennootskap?

Sy opbrengs wat hy verdien in die besigheid is baie meer as die rente 12% wat hy sou verdien by enige ander finansiële instelling. ✓✓

Enige aanvaarbare antwoord

2

TOTALE PUNTE

35

TOTAAL: 150